

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Die God van heerlijkheid en die geboorte en lewe van die kerk

Reeks preke oor die openbaring van die God van heerlijkheid, Christus, in die lewe van Abraham

Dr AH Bogaards

2012

Preek 3

Lees: Gen.12:10-20, Ps 105:1-15

Teks: Gen.12:10-20; Ps 105:12-15 (Reeks Abraham nr. 3)

Datum: 25 Maart 2012

Psalms: 99:1,2,3; 25:8; 34:2,4; 89:1,2; 33:5,10.

1. Inleiding.

Toe ek met hierdie geskiedenis besig was, moes ek onwillekeurig dink aan die woorde van Paulus aan Timotheüs in 2 Timoteus 2 vers 13: "As ons **ontrou** is, Hy (die Here) is **getrou** (2 Tim.2:13). Want dit is presies waaroor dit in dié verhaal gaan: oor menslike ontrou en Goddelike trou:

- Aan die **eenkant** is daar Abram en sy **ontrou**. Abram verteenwoordig die kerk, **ons**, dus ook vir u en vir my. En hoe diep beskamend is die gelese gebeure nie vir Abram en ons almal nie. Want ons sien die vader van die gelowiges, ons vader, val en ontrou raak aan die Woord. Hierdie hele geskiedenis verkondig: As dit van menslike inspanning of prestasies sou afhang, sou daar lankal nie meer 'n kerk gewees het nie.
- Genadiglik is ons ontroue mensies nie die enigste rolspelers in die kerk nie. Maar aan die **anderkant** is daar ook die **HERE** en sy **trou**! En omdat Hy getrou bly by sy beloftewoord en getrou waak oor sy volk, daarom sal daar môre en oormôre ook nog 'n kerk wees, ook hier in Suider-Afrika!

In alles wat in die teksgedeelte voor ons oë afspeel, sien ons: Dit nie die kerk is wat God vashou nie, maar God wat sy kerk vashou. Is dit nie 'n ontsaglike wonder nie? Dit is nie swak mensehandjies wat God vasgryp nie, maar die almagtige hande van God wat ons vasklem. En Hy, sy trou, is die waarborg dat niks ons van sy liefde sal skei nie.

Ek wil dan vandag met u by twee punte stilstaan:

1. die kerk se ontrou; en
2. die HERE se trou.

Ons sien dan eerstens:

2.1. die kerk se ontrou.

So pas het vader Abram uit die kerk gestap. Ek bedoel maar: God het hom ontmoet en met hom gepraat. Dit is immers waaroor dit in die kerk gaan: Net soos in die geval van vader Abram kom God na ons toe en Hy praat met ons. Ons kan daarom gerus maar sê: In 'n sekere sin was Abram in die kerk.

Wat het Abram daar te hore gekry? Niks anders as die evangelie nie. Die Christus het aan hom verskyn en die blye boodskap aan hom verkondig: Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee (v.7). Kanaän is aan hom belowe en daarmee selfs nog meer: die ewige Kanaän. En 'n nageslag.

Maar skaars is Abram uit die kerk, skaars het hy die beloftewoord van die HERE gehoor, of hy vergeet dit. Hy leef nie meer daaruit en daarvolgens nie.

Hoe dikwels is dit nie ook met ons die geval nie! Ons gaan Sondag kerk toe. Daar hoor ons dat ons mekaar moet lief hê. Maar skaars is ons uit die huis van God of ons is weer jaloers en haatdraend en nie bereid om te vergewe nie. OF: Ons hoor dat die HERE die almagtige Koning van sy volk is en dat Hy waak oor sy kerk ... maar sodra ons uit die kerk kom, raak ons weer swartgallig oor die donker tydsomstandighede. Ons is dus nie anders as Abram nie.

Maar kom ons kyk wat gebeur in die lewe van Abram. Pas het hy die belofte van die HERE oor die beloofde land ontvang, of 'n swaar hongersnood tref die land. Dit moes inderdaad vir Abram 'n swaar geloofsbeproeving gewees het. Heel waarskynlik het dit toe deur sy kop gemaal: Waar is die HERE nou, die God wat belowe het dat Hy my sou seën? Waar is sy seën dan? Abram se geloof word in die smeltkroes gewerp. Dit doen die HERE vandag nog: Hy toets ons om te sien of ons op Hom vertrou en of ons glo in sy Woord.

Slaag Abram die toets? Nee, hy druipt dit! Nog maar 'n paar verse tevore het die HERE vir hom gesê: **EK SAL jou seën ... EK SAL aan jou nageslag hierdie land gee. EK SAL ... EK SAL**, d.w.s. die HERE SAL vir hom sorg. So pas was Abram onder die geklank van hierdie heerlike evangeliewoord of die hongersnood kom en Abram vergeet dat die HERE gesê het: **EK SAL** jou seën, **EK SAL** vir jou sorg. Want wat Abram nou doen, kom eintlik maar daarop neer dat hy sê: EK SELF SAL. Nou sal EK SELF maatreëls tref om my voortbestaan te verseker. Want sonder om die HERE te vra, gaan hy na Egipte toe. Hy leef nie uit die Woord van die HERE nie. Hy dink nie daaraan dat die HERE vir hom gesê het: EK SAL, nie! By sy

vertrek uit Haran in vers 4 was dit nog so anders. Want toe het hy weggetrek en dan staan daarby: *soos die HERE hom gesê het.*

In Nederland sê mense soms: Ek behoort aan die vereniging genaamd Help-jouself. Dit wil sê: Ons help ons self; ons het die hulp van ander nie nodig nie. Geestelik wil ons almal dikwels aan daardie klub Help-jouself behoort. Ons het steeds 'n stryd teen ons ou natuur: om soos God te wil wees, om self ons lewe en lot te bepaal. Want hoeveel keer probeer ons nie om sonder die hulp van die Here reg te kom nie? Hoeveel maal maak ons nie staat op eie hulp en eie vernuf om ons geluk en ons voorspoed te verseker nie? Ons kyk glad nie op na God en ons bid Hom nie om ons te help nie. En ons leef nie uit sy Woord nie en ons vertrou nie op sy belofte dat Hy ons sal versorg nie. Nee, ons dink: EK SELF moet dit doen.

Dit is eenaardig: Nadat Abram die besluit geneem het om na Egipte te gaan, kom daar onrus en angs in sy lewe. Hy is bang. Oral sien hy donker skaduwees. Hy is bekommerd oor dit en dat. Hy gaan na Egipte, maar hy is glad nie gerus nie. Die man wat kruis en dwars deur Kanaän met sy vele gevare getrek het, vrees nou. Sal ek welkom wees in Egipte? Sal ek nie iets oorkom nie? En wat sal hulle met Sarai doen?

Weet u waarom is Abram se lewe nou so sorgvol? Omdat hy nie meer uit die geloof lewe nie. Omdat hy nie meer leef uit die belofte van God se troue Vadersorg nie. En is dit nie die rede waarom so baie Christene in ons tyd oorspanne en depressief is nie?

Ons sien verder in die lewe van Abram dat 'n sonde nooit alleen bly nie: Die een sonde gee aanleiding tot die volgende. Dit is 'n kettingreaksie. Eers het Abram nie geglo dat God in die hongersnood vir hom sal sorg nie. Nou kom die tweede sonde: Hy dink nie daaraan dat die HERE hom en Sarai sal bewaar nie. Hy vergeet weereens dat die HERE gesê het: **EK SAL, EK SAL, EK ALLEEN**. En weer 'n keer dink hy: EK SELF, EK moet dit doen. Nog 'n maal kom klub Help-jouself in aksie.

Want wat gebeur? Abram maak gebruik van 'n lis om Sarai en sy eie veiligheid te verseker. Hy maak 'n leuen tot sy fort. Sarai moet sê sy is sy suster. Die Woord is nie meer die vesting waarin hy veiligheid gaan soek nie.

Miskien het ook nog ander oorwegings by Abram 'n rol gespeel. Miskien het hy gedink aan die belofte dat uit hom 'n groot volk - die kerk - gebore sou word. En wat sal van daardie belofte word, as hy in Egipte gedood word. Dan sal die groot kerkskare tog nie kan kom nie. Maar in plaas dat Abram die vervulling van dié belofte rustig en gelowige in die hande van die HERE laat en vertrou dat Hy dit kan en sal vervul - in plaas daarvan dink Abram: dit hang van my af; die ontstaan, groei en voortbestaan van die kerk is in my hande; ek moet daarvoor waak; ek moet dit verseker.

Weer 'n keer hoor ons nie dat Abram tot God bid en Hom vra om beskerming nie. Hy bou sy eie skanse om hom en die kerk. Hy maak nie God se Woord tot sy veil'ge vesting nie.

En dan sien ons: Wat Abram gevrees het, dit gebeur. Die vorste van Farao sien dat Sarai besonder mooi is. Hulle vertel dit aan Farao en ... Sarai beland in die harem van Farao. Dit is die bitter vrug van Abram se sonde en ongeloof.

Sonde en ongeloof kan ons nie red nie. Dit kan ons nooit gelukkig maak nie. Dit bring ons net in die moeilikheid. Dit het sulke wrange gevolge. Ag, mag die HERE ons oë open dat ons dit mag sien, dat ons tog mag besef dat die kerk alleen by Hom veilig is, dat die Woord genoeg is.

Weliswaar staan daar: *En Farao het goed gedoen aan Abram om haar ontwil, sodat hy kleinvee en beeste en esels, slawe en slavinne, eselinne en kamele in besit gekry het.* Maar dit is nie ware rykdom nie. Dít is nie die seën van die HERE nie. En ... alleen die seën van die HERE maak ryk en gelukkig.

Ons moet ook nog dieper na hierdie geskiedenis kyk: Egipte staan in die Bybel bekend as Gode-en kerkvyandige mag. Agter Egipte staan die ou paradysslang, die slangesaad, wat daarop uit is om die kerk uit te roei. Dit is tog opvallend dat nie Lot se vrou of een van Abram se slavinne na Farao se paleis geneem word nie, maar juis Sarai! Uit haar sou immers die beloofde saad, d.i. die kerk en bowenal die Christus, gebore word. En *dít* wil die duiwel keer. Hy wil nie hê dat daar 'n kerk kom nie. Hy wil voorkom dat die Christus gebore word. Miskien lyk alles vir u oënskynlik onskuldig, want hoe kon Farao geweet het dat uit Sarai die Christus gebore sou word. Tog moet u onthou: Agter Farao gaan 'n groter mag skuil: die slangesaad van Genesis 3 vers 15. Die stryd van die slangesaad teen die vrouesaad is 'n deurlopende tema in Genesis en in die hele Bybel.

Die mensie Abram het uit eie krag en met eie vernuf die vervullig van die belofte veilig probeer stel. Maar hier sien ons wat van al ons menslike pogings kom: Die kerk kom in die grootste gevaar. Sarai sit in die paleis van Farao. Die groot draak, die Satan, sper sy bek wyd oop. As dit van mense sou afgehang het, was dit verby met die kerk. Dan sou daar geen kerk en geen Christus uit Sarai voortgekom het nie.

Maar, God sy dank, die voortbestaan van die kerk hang nie aan die sydraad van ons menslike slimmighede nie, maar dit is gebou op die vaste rots van :

2.2. God se trou.

Die mens is ontrou. *Maar die HERE ... Maar die HERE het Farao en sy huis met groot plaie besoek ter wille van Sarai, die vrou van Abram.*" MAAR DIE HERE. Dit is die maar van sy reddende trou!

Sy kerk het Hom vergeet, maar Hy het hulle nie vergeet nie. Abram het sy Woord vergeet, maar Hy het dit nie vergeet nie. Sy kerk het Hom losgelaat, maar Hy het hulle nie losgelaat nie.

Deur eie skuld was Abram reddeloos verlore. Eie skuld! En tog, tog sê die HERE nie: “Abram, dis jou eie skuld dat jy nou in die moeilikheid is; sien nou maar self dat jy daaruit kom” ,nie. Nee, Hy gryp verlossend in. Is dit nie genade nie?

Ons bederf so baie dinge in die lewe en ons kom so dikwels in die moeilikheid, omdat ons lid van die vereniging Eie-hulp wil wees. En God sou heeltemal regverdig gewees het, as Hy sou sê: Sien nou maar dat julle self regkom, Ek help julle nie meer nie. Tog ervaar ons dit dat God ons keer op keer maar weer genadig is en uitkoms gee.

In die geval van Abram stuur die HERE plaes om Sarai te verlos. Na alle waarskynlikheid was dit siektes. Hier blyk die trou van die HERE. Hy is 'n Waarmaker van sy Woord. Want het Hy nie gesê: *En Ek sal seën die wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek*, nie. Die kerk is vir die wêreld tot 'n seën of 'n vloek. Wie na die Woord van die kerk luister, word deur die HERE ryklik geseën. Maar wee hom, wat hom erger aan die evangeliewoord. Wee hom wat hom vergryp aan die kerk van die HERE. God laat dit nie ongewreek nie.

Inteendeel, wie die kerk *aanraak*, sal deur die HERE aangeraak word. In Psalm 105 vers 15 hoor ons die waarskuwing van die HERE: *Raak* my gesalfdes nie *aan* en doen my profete geen kwaad nie. En as Faraó dan wel aan Sarai raak, dan raak die HERE aan hom. Want in Genesis 12 vers 17 staan daar letterlik: Maar die HERE het Faraó en sy huis met groot *aanrakings aangeraak*. En Sagaria 2:8 (Hebreeus vers 12) gebruik eweneens hierdie woord: Wie julle *aanraak*, *raak* sy oogappel *aan*. En ook in Jesaja 53:4 hoor ons van Iemand wat deur God geslaan is: die lydende Kneg.

Die HERE vergeet nie sy belofte dat Hy Abram tot 'n groot nasie sal maak nie. *Hý* sal sorg vir die vervulling van sy Woord. *Hý* sal sorg dat daar 'n kerk kom. En *Hý* sal sorg dat sy volk die lank beloofde land beërf.

En Hy doen dit deur sy Woord – deur sy Beloftewoord én sy Oordeelswoord. Ja, óók sy Oordeelswoord, sy Woord van vloek. Ja, want óók dít, óók sy Oordeelswoord is daar tot heil, tot redding van sy kerk. WANT: *Ter wille van Sarai, die vrou van Abram* het die HERE Faraó *aangeraak*. Ons sien die HERE se Oordeelswoord in diens van sy Beloftewoord. Die HERE waarborg en beveilig sy Heilswoord met sy Onheilswoord. Die Woord sorg vir die Woord. Wie sal in die lig hiervan ooit weer iets durf sê teen die Wraakpsalms en God se oordeelswoord?

Psalm 105 is een magtige oproep om die HERE te prys. Die kerk word in daardie Psalm opgeroep om te dink aan *sý* dae en hoe *Hý* gesorg het dat die volk wel die erfenis van Kanaán ontvang het.

Maar hoekom waak die HERE met soveel sorg oor Abram en oor sy kerk vandag? Is dit omdat ons sulke goeie mense is? Nee, in hierdie geskiedenis word die sondigheid en die

ontrou van die kerk blootgelê. Maar waarom het die HERE dan oor Abram en sy kerkgenote gewaak? Ter wille van die Saad, ter wille van die Christus, wat uit Sarai gebore sou word. Ter wille van Christus en danksy Christus wil die HERE ook die kerk van die twintigste eeu beskerm en dra. Hy is die geheim van die kerk se voortbestaan.

Dit is heel besonder hoe dit ook in Psalm 105:15 staan: Raak my gesalfdes nie aan nie. Letterlik staan daar: raak my *christusse* nie aan en doen my profete geen kwaad nie. Dit word ten strengste verbied. Want hulle is *mý* christusse en *mý* profete. Die kerk is deur Hom gesalf en in sy diens en hulle moet van Hom spreek.

Hoe Farao uitgevind het dat dit hand van die HERE was wat hom getref het, weet ons nie. Waarskynlik het hy ondersoek ingestel en in die proses uitgevind dat die siektes begin het toe Sarai in die paleis gekom het. Toe het hy twee en twee bymekaar gesit en tot die konklusie gekom: dié vrou staan onder die beskerming van haar gode. Daarop het hy haar ontbied en toe het die waarheid op die lappe gekom: Sy is nie net Abram se suster nie, maar ook sy vrou.

Wat toe gebeur het, was sekerlik diep beskamend vir Abram: hy, die man van God, is tereggewys deur 'n heiden. Sy slegte gedrag het smaad gebring oor die Naam van die HERE. En hoeveel skade doen ons nie deur ons sonde nie. Want uit die mond van heidene word dikwels gehoor: O, is dit nou hoe Christene leef? En: As dit so lyk in die kerk, wil ek liever nie 'n christen wees nie.

3. Slot.

Ons het hier geen *helde*-geskiedenis nie, maar *heils*-geskiedenis. Ek bedoel maar: Ons het hier nie die geskiedenis van die mens se heldedade nie, maar van God se verlossingsdade.

Ons sien hoe die HERE, en Hy alleen, sonder die mens en ondanks die mens en ten spyte van die mens sy kerk bewaar. Deur sy Heil- en Onheilswoord:

Volke 't Hy gestraf, / Isr'el reg verskaf. (Psalm 99:3 – Totius)

God se *trou* ondanks die kerk se *ontrou* skitter ons hier tegemoet, sodat Abram en ons moed sal skep. Sy almag word ten toon gestel, sy vermoë om sy kerk te kan beskerm, sodat ons nie sal vrees nie.

In God se trou lê ons heil. Daarom:

*Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing
en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het,
so rys die ewige guns wat u aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie,
so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.* (Ps 89:1 – Totius)

AMEN